


# Week 1

# VLOA-OPSOMMING

| | |
|---|---|
| Welstand | • Maats leer dat juffrou daar is om na hulle om te sien en dat sy vir hulle omgee en sommer baie pret saam met hulle by die skool gaan hê.<br>• Maats leer dat die skool 'n ruimte van pret en leer is en nie iets is om te vrees nie.<br>• Maats leer hoe om met hulle portuurgroep te werk en te sosialiseer (hulle mag nie baklei nie, hulle moet deel ens.)<br>• Ons doen groot motoriese ontwikkeling deur middel van ons kinetiese sessie.<br>• Fyn motoriese vaardighede word ontwikkel deur die knyp, druk, manipulasie, ryg, plak, verf, knip en vou van onderskeie materiale. |
| Identiteit en samehorigheid | • Maats leer wat hulle rol, sowel as die rolle van ander, in die klas is.  Hulle leer dat hulle belangrik is vir juffrou en dat sy vir hulle omgee maar dat hulle onderhewig aan haar klasreëls en outoriteit staan.  Hulle leer ook dat maats gerespekteer moet word.<br>• Kleuters word die geleentheid gegun om hulself uit te druk tydens sirkelsessies, bybelstorie- en lesbesprekings.<br>• Selfstandigheid en verantwoordelikheid word bevorder deur die daaglikse roetine wat toegepas word en die uitdeel van werkies en verantwoordelikhede, soos om op te ruim, kunswerke volgens juffrou se instruksies te voltooi ens. |
| Kommunikasie | • Maats word die geleentheid gegun om sosiaal met ander maats te kommunikeer tydens klasbesprekings en groepspel.<br>• Kleuters "lees" saam met juffrou die illustrasies van die bybelstorie en tema.  Tydens hierdie "leeservaring" word vorms, kleure ens. uitgewys en bespreek.<br>• 'n Gediggie en stories word geluister, gedramatiseer en bespreek. |
| Verken wiskunde | • Nommers, vorms en kleure word nie tydens die eerste week behandel nie ten einde maats die geleentheid te gun om eers by hul omgewing aan te pas.<br>• Maats verken en maak sin van die uitleg van die skool en hul onmiddelike omgewing. |
| Kreatiwiteit | • Uitdagings wat opgelos moet word, word deur middel van die week se storie en aktiwiteite aan maats gestel.<br>• Maats verf en oefen dus hoe om verfkleure apart te hou en kwaste skoon te hou.<br>• Maats leer hoe om 'n skêr, kryt en kwas vas te hou.<br>• Maats word die geleentheid gegun om vir juffrou te vertel van die kunswerke wat hulle geskep het.<br>• Maats dramatiseer 'n kort gedig en storie. |
| Kennis en begrip van die wêreld | • Aandag word op die skool as ruimte geplaas.  Maats leer wat 'n skool se doel is, hoe hul skool lyk, wie hulle juffrouens en nuwe maats is.<br>• Vryspel bied aan maats die geleentheid om hul omgewing te ondersoek.<br>• Maats verken saam met juffrou tegnologiese hulpbronne.<br>• Kleuters voltooi skeppende manipulasie-take soos die verkykers wat hulle vir hulle "skool-safari" maak. |

- Dag van die week
- Maand
- Verjaarsdae op hierdie dag
- Nuuswaardighede
- Seisoen
- Weer
- Wat is my juffrou se naam?: ____
- In watter klas is ek?: __________
- Watter hokkie is myne?: _______

# SIRKELSESSIE

*Van die week*

***Hierdie week word daar geen nommers, vorms en kleure behandel nie. Fokus word eerder geplaas op maats se oriëntasie.***

## Sirkelbespreking van die week



# Ontmoet vir:

Foto

Juffrou_________________________

# Ek is in die

Eie foto/
Prentjie

# Klas

# Ek is in die



# Perdjie-klas

# Ek is in die



# Hoendertjie-klas

Ek is in die




Eendjie-klas

# Ek is in die



# Varkie-klas

# BYBEL-ILLUSTRASIES



**Visuele prosessering:** Daar is DRIE wolkies in die lug / Die water is BLOU / Die maan en sterre is GEEL

**Bybel-liedjie:** *Die Skeppingsliedje (CD)* Help maats om die skeppingsproses te onthou

# BYBELLES

*Die Skepping*

# DAG 1-2

Lank gelede het die wêreld glad nie soos vandag gelyk nie. Alles was donker en sommer deurmekaar, maar toe het God besluit dat dit moes verander. Hy het gesê: "Laat daar lig wees" en toe was daar lig gewees. Op hierdie eerste dag het God dus lig en donker gemaak.

Op die tweede dag het God toe die wolkies en die see gemaak. Die wolkies was vol reën en die see vol water. God was baie bly oor die mooi blyplekke wat Hy vir die water gemaak het. Soms sien ons die water van die see wanneer ons gaan vakansie hou. Ons sien die water wat in die wolke is wanneer dit reën en die water uit die wolke val.

Nadat God die water gemaak het, het hy op die derde dag droë land gemaak. Hy het toe ook plante en bome en grassies gemaak om op die land te groei.

Op die vierde dag het God die sterretjies en die maan in die hemel gehang sodat ons kon sien wanneer dit aand was. Hy het ook die son in die hemel gesit sodat ons kan sien wanneer dit dag is.

## Woordeskat-ontwikkeling

**Skepping**
Die aarde en alles daarop wat God gemaak het

**God**
Die een wat ons en alles op die aarde gemaak het

**Skep**
As ons iets maak

## Kommunikasie-vaardighede en ouditiewe geheue

- Wat het God op die eerste dag gemaak?
- Is daar water in wolkies?
- Wat het God op die vierde dag gemaak?

## Lewensles

*God is die magtige Skepper*

# Bybel-illustrasies



**Visuele prosessering:** Die visse swem IN die water / Die leeus sit LANGS mekaar / Adam en Eva se blare is GROEN

**Bybel-liedjie:** Die Skeppingsliedje (CD) Help maats om die skeppingsproses te onthou

# Bybelles

*Die skepping*

# DAG 3-4

Op die vyfde dag het God al die visse gemaak wat in die see lewe. Hy het seekatte, walvisse, seeperdjies, haaie en baie ander vissies gemaak. Dit was vir God sommer baie mooi.

Die volgende dag, op die sesde dag, het God al die diere en insekte op die land gemaak. Hy het leeus, kameelperde, krimpvarkies, vlinders en sommer nog baie ander diere gemaak. Hulle was almal anders en uniek. Dit was vir God goed.

Toe Hy al die diere klaar gemaak het, het Hy gedink dat die diertjies iemand nodig het om na hulle te kyk (om oor hulle aangestel te wees). God het toe vir Adam gemaak. Adam was die eerste man. God het na Adam gekyk en besluit om vir hom 'n maatjie te maak. God het Adam lekker diep laat slaap. Hy het toe vir Adam 'n maatjie uit sy eie ribbebeen gemaak. Haar naam was Eva gewees. Sy was die eerste vrou.

Op die sewende dag het God gerus. Ons moet ook op die sewende dag van die week rus. Ons moet die Sabbatdag heilig.

## Kommunikasie-vaardighede en ouditiewe geheue

- Wat het God op die vyfde dag gemaak?
- Wat was die eerste man se naam?
- Wat was die eerste vrou se naam?

## Woordeskat-ontwikkeling

**Uniek**

Om die enigste een te wees wat soos jy is

**Sabbatdag**

Dit is die dag waarop ons kerktoe gaan

**Rus**

Om nie te werk of besig te wees nie


## Lewensles


Ons moet die Sabbatdag heilig en ook daarop rus

# DAG 5

## Hersiening


Hersien die sewe dae van die skepping weer. Laat maats die illustrasies van die onderskeie dae van die skepping in die korrekte volgorde pak. Wat is op watter dag geskep? Maak maats terloops bewus van die onderskeie NOMMERS wat met elke dag gepaard-gaan.















Pas die prentjie by die dag

1

2

3

4

5

6

7

# TEMA

*(Gedig en storie)*

By my skooltjie word ek slim,

ek leer van speel, ek leer van klim.

Ek leer van lees en skryf en spel,

en om nommers op te tel.




## GEDIGGIE VAN DIE WEEK

*By my skooltjie (CD)*

***Die gedig leer vir maats wat ons by die skool doen. Ons leer, speel ens.***

***Laat maats die gediggie dramatiseer.***

***Bespreek deurgaans die klanke wat maats in die gedig hoor.***

## STORIE VAN DIE WEEK

*Die olifantjie wat nie wou skooltoe gaan nie (CD)*

***Hierdie week leer ons vir maats hoekom mamma nie saam met hulle skooltoe mag gaan nie. Olifantjie se mamma gaan saam met hom skooltoe en haar lyfie is eenvoudig net te groot vir die speelgoed. Sy eet ook al die kos op. Skole is nie vir mammas gemaak nie.***

***Luister elke dag 'n stukkie van die storie en vra vir maats na afloop daarvan wat hulle dink die volgende dag in die storie gaan gebeur (kritiese- en kreatiewe denke).***

***Vra vir maats of hulle kan onthou wat die vorige dag in die storie gebeur het voordat jy die storie die volgende dag verder speel (ouditiewe geheue).***

***Op dag vyf kan maats die storie self dramatiseer of hul eie variasies daarvan weergee.***

# TEMATAFEL *('n Safari- of skouersak)*

## TAFELSTORIE VAN DIE WEEK

*(Hierdie week pak ons 'n skouersak uit. Ons is op 'n "skool-safari"! Ons gaan ons skool ontdek! Gebruik die handpop en pak die sak daagliks stuk-stuk saam met maatjies uit!)*

**NB: Hierdie week se tafel bestaan nie uit verskeie aktiwiteite nie, omdat die fokus op die maats se oriëntasie by hul nuwe klassies ens. moet val. Pak dus verskeie items wat met skool verband hou soos 'n tas, boeke ens. op die tafel uit.**

Mollie is baie opgwonde. Hierdie week gaan hy vir die eerste keer skool toe. Die aand voordat hy in die bed klim droom hy 'n snaakse droom. Hy droom dat hy met vêrkykers sy hele klassie en skool bekyk. Die klassie en skool is vir hom vreeslik mooi. Wil julle sien wat hy gesien het? *(Haal 'n klomp **toiletrolle [twee vir elke maat] en rekkies [minstens vyf vir elke maat]** uit die skooltas.)* Kom ons maak ons eie verkykers en dan loer ons! *(Laat elke maat sy twee toiletrolle teenmekaar vasdruk. Laat hulle nou die twee rolle aanmekaar "vasmaak" deur hulle rekkies met hulle vingertjies om albei die rolletjies te span. Hoe meer rekkies maats om die rolletjies span, hoe stewiger sal die rolletjies wees. Laat maats nou saam met jou deur die klas en skool stap en die onderskeie "hoekies" van die skool besigtig en verken terwyl jy verduidelik waarvoor elke hoekie/vertrek/area in die klas en skool is. Ons is op 'n "skool-safari". Elke dag kan 'n nuwe deel van die skool verken word. )*

Sjoe. Ons skool en klassie is mooi! Mollie se klassie by sy skool is ook so mooi! Hy kan nie glo hoe mooi sy skool is en hoeveel maatjies daar is nie! Daardie aand droom Mollie van al sy nuwe maatjies! Daar is so baie maats! Mollie droom van 'n groot appelboom wat agter in die skoolwerf staan. Al sy klasmaats sit in die appelboom saam met hom en hulle eet te lekker aan die boom se soet appels. *(Haal **appels** uit die skouersak - een vir elke twee maats. Haal ook **'n groot stuk bruinpapier met 'n boom daarop geverf** uit. Hoe groter die boom is, hoe beter. Gee vir elke maat 'n halwe appel om in rooi/groen verf te druk en op die boom te stempel. Ons maak 'n klas-stamboom! Laat elke maat 'n foto saambring en plak dit by sy appelstempel en skryf sy/haar naam by die foto neer. Plak die stamboom op teen die muur!)*

## Praktiese en PRET verkenning!!!



# TEMA-ILLUSTRASIES *(Visuele persepsie)*

## Dag 1 en 2






My skool het klassies.  Ek het my eie klassie.  Ek is in die ____________ klas.
My skool het 'n speelpark/klimrame ens.  Daar is glybane, swaaie en ander heerlike speelrame.
Daar is EEN klassie in die prentjie. / Die wipplank is BLOU.

## Dag 3 en 4





My klas het 'n JUFFROU en MAATS. Daar is seuntjie-maats en dogtertjie-maats.
Ons moet na juffrou luister in die klas.  Sy is hier om ons slim te leer.
Ek moet mooi met al my nuwe maats speel.  Ons mag nie baklei nie en moet deel en mooi met mekaar werk.

## Dag 5






My klas het klomp lekker hoekies en speelgoed.  Daar is byvoorbeeld 'n leeshoekie en speelgoed soos blokkies!
Ek het ook my eie sitplekkie in die klas en my tassie het sy eie bêre-plekkie in die tasrak.
In my klassie is daar ook 'n spesiale plekkie om te slapies.  Ons eet ook op een plek.

# TEMA-ILLUSTRASIES *(Visuele persepsie)*

## Dag 1 en 2



My skooltjie het badkamers.
Daar is badkamers vir seuntjies en badkamers vir dogtertjies.
Seuntjies en dogtertjies mag nie mekaar se badkamers gebruik nie.
Wanneer ons die badkamer gebruik moet ons ons boudjies afvee, die ketting trek en ons handjies was.



# TEMA-LES

*My skool en klas*

# DAG 1-2

**Let op:** Hoewel sommige maats dalk al vetroud met die skoolomgewing is, is daar maats wat bang en onseker voel. Hierdie week se fokus en doel is om maats gemaklik in hul omgewing te maak en om hulle **opgewonde** oor skool te maak. Pret is prioriteit.

Verduidelik vir maats wat jou naam is en dat jy hulle juffrou is (moet nog nie te veel verduidelik wat 'n juffrou is nie, maar maak eerder seker dat hulle gemaklik en geborge in jou geselskap voel).

Vertel vir maats dat jy hierdie jaar elke dag mooi na hulle sal kyk terwyl hulle in die dag by die skool is. Julle gaan sommer baie pret saam by die skool hê. 'n Skool is 'n plek waar ons leer om so slim soos mamma en pappa te word. Ons leer van al die mooi kleure in die wêreld en van al die vorms. Ons leer ook van nommers en van die alfabet. Ons leer om met mense en maatjies te praat en om mooi te luister!

Ons skool se naam is _________. Elke skole het baie klassies. Ons klassie se naam is __________.

Skole is baie lekker plekke om te wees. Daar is sommer baie boeke en stories en speelgoed soos blokkies, legkaarte en poppe. Daar is ook groot klimrame, glybane, sandputte en baie ander buite-speelgoed. Hier gaan ons lekker speel.

Skole is ook net soos huise. Hulle het badkamers en kombuise, eetsale en slaapsale. In al hierdie kamers gaan ons sommer baie pret by die skool hê. Ons gaan die lekkerste kossies eet en lekker slapies as ons lyfies moeg word.

## Ouditiewe geheue

- Wat is ons juffrou se naam?
- Wat is ons skool se naam?
- In watter klassie is ons?

**NB: Herhaal DAAGLIKS die naam van die skool, klas en van juffrouens**

## Kinestetiese leer

Laat maats op jou naam, die klas se naam en die skool se naam hardop herhaal terwyl hulle telkens op hulle handjies klap terwyl hulle die onderskeie name sê.

## Woordeskat-ontwikkeling

| | | |
|---|---|---|
| Skool | Alfabet | Speelgoed |
| Klas | Praat | Blokkies |
| Leer | Luister | Legkaarte |
| Kleure | Juffrou | Klimrame |
| Vorms | Maats | Glybane |
| Nommer | Speel | Sandpitte |

# TEMA-LES

## *My juffie en maats*

# DAG 3-4

Herhaal vir maats wat jou naam is en sê vir hulle weereens dat jy hulle *juffrou is.* ’n Juffrou is iemand wat vir ons leer om sommer baie slim te wees. Sy leer ons om te praat en om te luister. Sy leer ons van al die kleure in die wêreld en al die baie vorms wat om ons is. Sy leer ons ook van nommers en letters. Wanneer juffrou praat moet ons luister.

Ons klassies het nie net juffrouens nie, maar het ook maatjies. Daar is seuntjie-maats en ook dogtertjie-maats. Ons moet altyd mooi met maatjies speel en werk. Dit beteken dat ons nie:

- op maats mag skree nie,
- maats seer mag maak nie,
- al die speelgoed vir onself mag hou nie (ons moet deel).

Om seker te maak dat maatjies mooi met mekaar werk en soet in die klas is, is daar reëls wat ons moet volg. (Bespreek jou klasreëls met maats).

### Kinestetiese leer

Laat maats hardop sê wat hulle name is sodat hulle mekaar se name kan hoor. Herinner maats ook weereens aan jou naam as hul juffrou en kyk of hulle hul klasnaam kan onthou.

### Woordeskat-ontwikkeling

| | | |
|---|---|---|
| Seuntjie-maats | Speel | Reëls |
| Dogtertjie-maats | Deel | Soet |

## *My plek in die klas*

# DAG 5

Soos wat ons nou gesien het hierdie week is daar sommer baie oulike hoekies en kamers in ons skooltjie. Die kamer waar ons die meeste tyd gaan spandeer is ons klaskamer. Juffrou is baie lief vir maatjies en sy wil baie graag hê dat hulle sommer baie van hul klaskamer moet hou. Dit is hoekom sy soveel oulike hoekies vir maats in die klas “gebou” het. (Wys vir maats al die oulike hoekies in die klas en sê vir hulle wat ons elke hoekie gaan doen. Fokus op pret.)

Om seker te maak dat ons almal weet dat ons ’n plekkie in juffrou se klas het, het juffrou vir ons elkeen ons eie sitplekkie, rakkie ens. gegee. (Wys/herinner maats aan waar die rakkie staan, waar hul elkeen sit en waar hulle gaan slapies.)

Omdat ons klas seuntjies en dogtertjies het, is daar ’n badkamer vir die seuns en dogters. Wanneer ons die badkamer moet gebruik moet ons vir juffrou sê. Ons moet dan sekermaak dat ons ons boudjies afvee, die ketting trek en ons handjies was.


### Kinestetiese leer

Neem al die maatjies na die badkamers. Wys vir hulle waar beide die seuns sowel as die meisiesbadkamer is. Wys nou vir maats hoe om die toilet te spoel en die badkamer op ’n higiëniese manier te gebruik en vir ander na te laat.

# KUNSWERK
*Aktiwiteit 1*


## Teken en inkleur

Laat maats hulself op "hul eerste skooldag" langs die onderstaande skooltas teken. Let op na die tekening se besonderhede.



## Voel, plak en inkleur/verf

Skep sand uit die sandput. Laat maats dit met houtgom "in" die getekende sandput plak. Laat hulle die pit dan inkleur of verf.



## Inkleur, knip, skeur en plak

Laat maats die onderstaande prentjie inkleur en met verskillende teksture (geskeerde lap, karton ens.) beplak. Laat hulle byvoorbeeld "vlaggies" uit papier of materiaal knip en op die vlagpaal hieronder vasplak. Knope kan onder toesig as deurknop geplak word en rys kan aan die dak teskstuur gee.



**Benodighede**

| | |
|---|---|
| Verskillende kleure hoepels | Boontjiesakkies |
| Verskillende kleure vorms | Balle |
| Balanseerbalk | Linte |

## Opwarming

Pak 'n paar hoepels in 'n oop area uit. Laat maats tussen die hoepels rondhardloop. Sodra jy sê "sit", moet maats in die hoepels gaan sit. Verwyder elke keer een hoepel sodat 'n maatjie uitval (*"musical chairs*") .

Laat maats nou met hulle bene teen mekaar staan en sirkelbewegings met hul arms maak. Hulle moet diep asemhaal. Laat hulle dan in 'n sittende posisie met hulle bene teen mekaar strek en aan hulle tone raak.

Maats moet laastens met hul gesiggies na 'n muur staan. Hulle moet hulself verbeel dat hulle teen die muur gaan val. Hulle moet vervolgens hulle lyfies herhaaldelik (x 3) in intervalle van tien sekondes met 'n stoot-aksie (gebuigde armpies) van die muur af wegdruk.

## Totale liggaamlike sinchronisering

- Laat maats op hulle ruggies op matrasse buite op die gras lê.
- Plaas 'n hoepel aan onderkant en bokant van elke matras. Boontjiesakkies moet nou vanaf maats se voete na hulle hande "aangegee" word. Maats moet sakkies dan bo-oor hulle koppe in die hoepels bo hulle koppe gooi.
- Sodra al die sakkies in boonste hoepel is, moet maats die sakkies vanuit die hoepel bokant hulle koppe haal. Maats moet telkens in die "sit-up" posisie kom en sakkies dan in die hoepel aan die onderkant van hulle matrassies gooi.

## Dinamiese balans

- Plaas 'n balanseerbalk op 'n gelyke oppervlakte. Plaas verskillende vorms (vierkant, sirkel, driehoek, reghoek ens.) aan weerskante van die balk neer. Laat maats dan heen en weer met boontjiesakkies oor die balanseerbalk loop en die boontjiesakkes dan telkens op juffrou se instruksie op die onderskeie vorms neersit.
- Sit nou boontjiesakkies ongeveer 60 cm uit mekaar op die balk neer. Laat maats platvoet oor die sakkies op die balk klim sonder om hulle balans te verloor. Dieselfde oefening kan dan herhaal word terwyl maats op hulle tone loop.

## Middellynkruising van die hande

- Plaas vyf vorms in 'n reguit lyn. Sit 'n boontjiesakkie aan die regter- en 'n hoepel aan die linkerkant van elke vorm. Maats moet nou op die vorms spring en sakkies met hul regterhand optel. Hulle moet dan die middellyn kruis en sakkies in die hoepels (wat links van hulle is) gooi.
- Plaas vorms weer in 'n reguit lyn. Sit nou die boontjiesakkies aan die regterkant van die vorms en pak hoepels aan die linkerkant van die vorms. Maats moet nou op die vorms spring en sakkies met hul linkerhande optel. Hulle moet dan die middellyn kruis en sakkies in die hoepels (wat nou regs van hulle is) gooi.

## Ratsheid

- Pak verskillende kleure (bv. rooi, blou, groen en geel) hoepels in 'n "zig-zag" formaat uit. Laat maats nou in die eerste hoepel staan en dan telkens op juffrou se bevel in die rooi, blou, groen en geel hoepels spring.
- Laat maats wydsbeen sit. Laat val 'n groot bal tussen maatjies se bene terwyl hulle die bal met hulle bene probeer "vang" deurdat hulle hul bene vinnig toeknyp. Herhaal die oefening 'n paar keer.

## Ruimtelike oriëntering


Laat maats aandui waar hul onderskeie liggaamsdele is. Laat hulle aan hulle neuse, ore, kniegies, voete, skouers en maag raak. Laat hulle dan met hul onderskeie liggaamsdele aan 'n groot bal raak. Laat hulle met hulle kop, hand, skouers ens. aan die bal raak. Laat hulle volgende hul onderskeie liggaamsdele op bevel beweeg - kombineer liggaamsdele soos bv. "sit jou elmboog op jou knieg" ens.

## Ritme

Laat maats linte ritmies op musiek swaai. Laat maats volgende hulle voete ritmies stamp: 1, 12,123, 1,12,123.

## Afwarming

Strekke





# Lelike maats sit ons af! - Chemiese reaksies

### Hoe sit ons maatjies af as ons met hulle lelik is?

Hierdie is 'n oulike eksperiment om vir maats te wys sodat hulle opgewonde kan raak oor die STEAM/wetenskapshoekie in die klaskamer. Dit is ook 'n baie oulike manier om prakties vir maats te illustreer hoe ons maats/mense "afsit" as ons lelik is.

### Benodighede

- Swart peper
- Water
- Skottelgoedseep
- Bord of bakkie



### Instruksies

1. Vul die bord of bakkie met water.
2. Gooi peper oor die wateroppervlak.
3. Druk jou vinger in die water- en pepermengsel (niks sal gebeur nie).
4. Dip jou vinger dan in skottelgoedseep.
5. Druk nou jou vinger weer in die mengsel. Die peperkorreltjies sal uitskiet na die kant van die bord.

### Wat het ons geleer?

Die kragte wat die water bymekaar hou word deur die skottelgoed afgebreek. Die water "sprei" bietjie uit en ons kan dit sien soos wat die peperkorrels beweeg.

WATER & PEPER
"magic"!

